

Opstelkompetisie: 25 Jaar Later

Suid-Afrika vier hierdie jaar een van die merkwaardigste gebeure in sy geskiedenis. 2 Februarie 2015 herdenk 25 jaar sedert FW de Klerk se baanbrekerstoepspraak in die Parlement. Op hierdie dag het hy die visie van Suid-Afrika se oorgang van apartheid na 'n nie-rassige, grondwetlike demokrasie uiteengesit. Die visie word saamgevat in die volgende woorde wat in sy toespraak verskyn:



VAN FW DE KLERK SE
2 FEBRUARIE
TOESPRAAK
IN DIE PARLEMENT

“Daardie doelwitte sluit in,
onder andere,
**'n nuwe demokratiese
grondwet,**
universele stemreg, geen oorheersing nie,
gelykheid voor 'n onafhanklike regbank;
die beskerming van minderhede
sowel as individuele regte;
vryheid van godsdiens; 'n goeie ekonomie
wat gebaseer is op bewese ekonomiese beginsels
en private ondernemings;
dinamiese programme wat
beter onderwys, gesondheidsdienste,
behuising en maatskaplike omstandighede
vir almal ten doel het.”

INSTRUKSIES VIR DEELNEMERS

Ter viering van 25 jaar nou die FW de Klerk Stigting jou om 'n opstel van 800 - 1500 woorde te skryf waarin jy die volgende bespreek:

Tot watter mate het ons die visie verwesenlik wat FW de Klerk in sy toespraak op 2 Februarie 1990 uiteengesit het?

Sit jou mening oor die oorgang wat uit die toespraak gespruit het uiteen. Verduidelik of jy dink dat Suid-Afrika daarin geslaag het om die visie van 'n vrye en regverdige samelewing te verwesenlik, en bespreek wat nog gedoen kan word om hierdie visie te bevorder.

Stuur jou opstel en kontakbesonderhede per e-pos aan: 25@fwdeklerk.org

KATEGORIEË

Studente: Deelnemers moet by 'n Suid-Afrikaanse of internasionale instelling van hoër onderrig geregistreer wees ten einde vir die studentekategorie te kwalifiseer.

Algemeen: Inskrywings is oop vir alle ander volwasse individue bo die ouderdom van 18 en wat nie aan die vereistes van die studentekategorie voldoen nie.

PRYSE

'n Kontantprys van R2500 sal toegeken word aan die wenner van die studentekategorie, en R2500 sal aan die wenner van die algemene kategorie toegeken word. Beide wenners sal ook 'n getekende kopie van mnr De Klerk se biografie, *The Last Trek - A New Beginning* ontvang.

BELANGRIKE DATUMS

Die sperdatum vir inskrywings is **27 Maart 2015**. | Wenners sal op **27 April 2015** aangekondig word.

BEPALINGS EN VOORWAARDES

Die keurkomitee se besluit is finaal en geen korrespondensie sal daarvoor gevoer word nie. | Een (1) inskrywing per persoon. | Alle inskrywings moet bestaan uit oorspronklike werk en die titel en woordtelling moet aangedui word. | Jou opstel sal gediskwalifiseer word indien dit nie aan die vereistes voldoen nie of indien dit na die sluitingsdatum van 27 Maart 2015 ontvang word. | Deur aan die kompetisie deel te neem gee jy die FW de Klerk Stigting die reg om die opstel sonder vergoeding te gebruik, te redigeer en te publiseer. | Slegs inskrywings wat aanlyn ingedien word, sal aanvaar word. | Inskrywings moet aan 25@fwdeklerk.org gestuur word. | Inskrywings moet in Microsoft Word (.doc or .docx)-formaat ingedien word. | Inskrywings moet tussen 800 - 1500 woorde lank wees. | Opstelle moet in Afrikaans of Engels ingedien word. | Prysenners sal per telefoon of e-pos daarvan ingelig word. | Die wenners sal op 27 April 2015 aangekondig word. | Die name en wenopstelle sal op die FW de Klerk Stigting se webtuiste gepubliseer word en op die Stigting se sosiale mediakanale gedeel word.



FW de Klerk
STIGTING

KONTAKBESONDERHEDE

Adres: Zeezicht-gebou, Tygerberg Park, Uys Krige-rylaan 163, Platteklouf, 7500, Suid-Afrika
Telefoon: +27 21 930 3622 | Faks: +27 21 930 3898 | E-pos: info@fwdeklerk.org | Webtuiste: www.fwdeklerk.org
[facebook.com/FWdeKlerkFoun](https://www.facebook.com/FWdeKlerkFoun) | twitter.com/FWdeKlerkFoun